



**7 Weke in die Tuin**
**Week 5: GROEI**
**Jona 4:5-11**

**Jona 4:10-11**
10 Toe sê die Here: "Jy is besorg oor die kasterolieplant waarmee jy geen moeite gedoen het nie en wat jy nie laat groei het nie, wat oornag opgekom het en oornag tot niet is.
11 Maar Ek, Ek mag nie besorg wees oor Nineve nie, die groot stad waarin daar meer as honderd-en-twintigduisend mense is wat die verskil tussen regs en links nie ken nie, en ook nog baie diere?




"Hier kom moeilikheid."

Jona laat my dink aan daardie ondeunde kind wat óf op pad na of op pad van die moeilikheid af is. Waar hy ook al gaan, krap hy planne deurmekaar, skop hy stof op, maak hy slapende honde wakker – of eerder slapende visse. Mens en dier, nóg visser nóg vis, plant, wind en son, koning, kind en kraai: almal word omvergegooi deur Jona se troebel verhouding met homself, sy wêreld en veral met God.

Maar ek wil vandag 'n lansie breek vir Jona. Deur die eeue het hy die slegte reputasie gekry as die slegste profeet. In die geselskap van groot geeste soos Moses, Elia, Elisa, Jesaja, Jeremia, Amos en Daniël, is die versoeking groot om Jona soos die stiefkind van God se profete te behandel. Vir jare lank moes Jona ook toekyk hoe die kerk probeer om hom in die vis te hou, asof die waarheid van sy verhaal staan en val by watter soort vis hom sou kon insluk en weer heel uitspoeg. Só ook het die kerkvaders Augustinus en Jerome koppe gestamp oor die korrekte vertaling van die Hebreeuse woordjie "qīqāyōn". Onder watse plant het Jona nou eintlik gesit? Maar 'n roos met enige ander naam ruik tog steeds soos 'n roos, nie waar nie?

Jona se verhaal het my hierdie week opnuut laat besef: hy is allermins die slegste profeet. Inteendeel, vir die tye waarin ons leef, is hy die beste profeet. Want sy storie is ons almal s'n. Ons almal het al gevlug na 'n Tarsis terwyl 'n Nineve roep; ons word deur storms ingehaal; die dice val verkeerd; ons plaas ons vriende onder druk; ons gee boedel oor; ons word ingesluk en uitgespoeg; ons bid soms die mooiste psalms vanuit die diepste plekke in ons siel (of eerder "sheol"); ons beleef oomblikke van geweldige sukses; vind oormatige vreugde in ons eenvoudige, onbenullige handewerk; ons is geneig tot schadenfreude en sukkel om die wenne van ander te vier; ons leef met ons emosies op ons mou; kan dikwels bitterlik kwaad raak; maar ook salig aan die slaap raak terwyl die werklike storms woed. Ons leef in die skadu van trauma; ons beleef die impak van "empire"; ons dekoloniseer net om weer te herkoloniseer;

ons sit sonskerm op, maar brand onsself steeds bloedrooi deur ons eie hardkoppigheid; die wurms knaag aan ons; ontbloot ons omgekeerde prioriteite en ons veroordelende aard; ons fanatiese vasklou aan ons gode terwyl ons diep in ons hart weet dat God goed is, genadig is – ook teenoor hulle wat teenoor ons gesondig het.

Ons is by week 5 van ons sewe weke in die tuin van Onderhou. Ons het tuingemaak, tuinierklere aangetrek, die grond rondom die vrugtelose vyeboom bewerk en mosterdsaad geplant. Nou sit ons saam met Jona onder die woestyn-hut wat hy vir homself opgerig het – kenmerkend soos die Israeliete van ouds saam met Moses in die wildernis. Hy is vodde ná sy epiese avontuur. As dinge vir hom uitgewerk het, het hy luilekker in Tarsis gesit met ’n Plato-koffie en deelgeneem aan intellektuele gesprekke oor die stand van sake in die “empire”. Maar nou is sy enigste plesier die skaduwee van ’n onbekende plant. Hy is nogal verras oor die geweldige vreugde wat hierdie magiese plant vir hom bring.

Ons ontmoet vir Jona waar hy “off-the-grid” is. Hy het uiteindelik sy verlof as profeet ingedien. Teen sy sin, ver van sy passie, het hy sy nek uitgesteek. Dit het hom amper sy lewe gekos en ook sy vriende. Maar op die ou einde van die dag het hy gedoen wat reg is, wat van hom vereis was, wat sy gewete nog die heeltyd van hom gevra het – en nou is dit in die hande van die Here. Op ’n afstand hou hy dop. Hoe gaan hierdie gevaarlike, moeilike, uitdagende ding wat die Here van hom gevra het, uitspeel?

Die Hebreeuse woord “ra’ah” kruip soos ’n rooi, vretende wurm regdeur die boek. Dit word gebruik om Nineve se sondigheid voor God te beskryf, maar só ook Jona se ongehoorsaamheid, die gevaar van die storm, God se komende oordeel oor die stad en Jona se treurige situasie van sonsteek en windverwaaide woedebuie. Dis daarom nie toevallig dat ons lees dat Jona oos van die stad homself gaan posisioneer het nie. Soos Adam en Eva, soos Kain, soos die bouers van die toring van Babel, só is Jona oos van Eden. Dis nie geografies nie, dis simbolies, teologies. Selfs al was Jona in die hartjie van Nineve, het hy nooit sy hart vir Nineve gegee nie. Dié het hy eenkant gehou. Oos van die stad en oos van die hart van God.

En daar in sy hart hou hy vas aan ’n donker gedagte. Dit knaag aan hom soos wurms. Uiterlik argumenteer hy vir die vrede, herstel en voorspoed van die stad. Maar innerlik hoop hy vir anargie, volksmoord, oorlog en verwoesting. In die koel skaduwee van die plant is dit maklik vir Jona om hierdie gedagte te voed sonder om dit te verwoord. Maar die son en die oostewind ontbloot sy eintlike posisie teenoor God se reddingswerk. Die verhaal het begin met “ra’ah” wat anderkant die woestyn in die stedelike ritmes van mens (“adam”) en dier voor God opgestyg het, net om op die ou end te ontkiem in die hart van Jona.

Dié tydlose verhaal los ons met meer vrae as antwoorde: Wat groei daar in die dieptes van jou hart? Wat voed jy en waarvan vlug jy? Waarvoor hoop jy in die stilligheid? Wat is die dinge wat jou kwaad maak en wat gee jou werklik vreugde?

Op die eerste lees van die boek mag jy dalk dink dat dit gaan oor ’n ongehoorsame profeet en ’n bose ryk. Jy is deels reg. Maar lees dit weer en weer en dan weer. Laat die matrose jou oorboord gooi, laat die vis jou insluk en uitspoeg, stap ’n hele dag deur die vyandige stad, sien die mense, sien die diere. Laat die fauna, die flora en vreemde mense jou hul stories vertel. Maak jou tuis en neem God se reddingswerk waar. Voel dan hoe die wurms van weersin in jou begin kriewel. Laat jou emosies die oorhand kry, stort leeg jou hart voor God: jou renons, jou afguns, jou verwyte, jou afkeur van die ander; van hulle wat ook soos jy, diep in hul hart moet ontdek dat God nog altyd barmhartig, lankmoedig en vol liefde is.

Laat hierdie wete in jou ontkiem en groei tot ’n plant waaraan die wurms nie kan vreet nie en die skroeiende oostewind nie kan verwelk nie.